

Lot se dogters

Hulle het hulle dilemma op die verkeerde manier opgelos

Genesis 19:29-38

Lot se dogters het ’n baie groot probleem gehad. Ná die ramp wat hulle ma se lewe geëis het, het hulle pa ’n kluisenaar geword en in die berge gaan wegkruip. In ’n samelewing waar jou pa namens jou onderhandelings met die oog op ’n huwelik moes aanknoop, is dit bykans onmoontlik om getroud te kom as jou pa in ’n grot woon en weier om uit die berge pad te gee …

***

“Wat gaan van ons word, Ousus?” wil sy die soveelste keer weet. Haar stem bewe.
“Ek weet nie. My kop is al stukkend gedink, maar ek kry nie ’n oplossing nie. Al wat ek weet is dat ons mans sal moet kry, want as ons nie kinders het nie …” Sy maak nie haar sin klaar nie, maar dis ook nie nodig nie. Sonder kinders het jy nie ’n toekoms of ’n oudag om voor te wag nie, en niemand wat na jou sal omsien as jy swak en oud is nie.
“Wel, óns sal iets moet doen. Jy en ek. Want Pá gaan nie vir ons mans kry nie. En daar is niemand anders wat ons kan help nie. In elk geval nie hier in die berge nie. Ek weet nie wanneer laas ek ’n ander mens gesien het nie.” Sy kyk moedeloos na die grot waar hulle pa in ’n patetiese bondeltjie voor die vuur sit en bewe. “As Ma net hier was! Sy sou geweet het wat om te doen.”
“As Ma hier was, was ons nie nou in hierdie penarie nie. Dis net vandat sy dood is, dat Pa so snaaks geword het. Weet jy dat hy die anderdag vir my Mamma gesê het. Hy het na my gekyk asof ek Ma is, en toe vir my probeer soen! Ek het so groot geskrik, ek het sommer weggehardloop.”
“Siestog, jong. Pa mis Ma baie. Hy was baie lief vir haar.”
“Ek weet. Dis agter háár aan dat hy besluit het om in Sodom te gaan woon. Oom Abraham was destyds baie ontsteld daaroor, maar Ma wou niks weet nie, en Pa het maar ewe gedwee gemaak soos Ma gesê het.”
“Wat dink jy sou Ma gemaak het as sy hier was?”
“Ek weet nie. Maar miskien …” Sy kry ’n veraf kyk in haar oë, en ’n halwe glimlag speel om haar mondhoeke.

“Miskien wat? Vertel, jong!” por haar jonger suster haar aan toe sy nie dadelik verder praat nie.
“Pa mis Ma baie. Dit weet ons albei.”
“Ja, maar hoe gaan dit ons help om mans in die hande te kry?”
“Maklik! Ons maak of ons Ma is, en dan slaap ons by Pa, en dan kry ons by hóm kinders!”
“Ag nee sies man! Dis ’n walglike plan. By Pá slaap? Nooit.”
“Het jy ’n beter plan?”
“Nee, maar dis g’n stuk ’n plan wat jy het nie. Dis ’n siek besigheid, dis wat dit is. En buitendien, Pa sal sy fout agterkom lank voordat … jy weet wat.” Sy bloos verleë by die gedagte.
“Hy sal niks agterkom nie, want ek gaan hom eers dronk maak. Nou nie té dronk nie, want hy moet darem nog sy ding kan doen, maar dronk genoeg om nie mooi te weet wat is wat nie.” Sy vryf haar hande teen mekaar, ingenome met haar blink idee. “Ek onthou nog hoe Ma hom altyd so in die nek gebyt het. Dit maak hom rasend, het Ma my eenkeer vertel. Net vanaand nog doen ek dit ook. Pa sal nie weet wát hom getref het nie. Ek wonder hoekom ek nie al lankal daaraan gedink het nie?”

***

Lot se dogters was nie regtig in ’n doodloopstraat nie. Daar was altyd die moontlikheid dat hulle hulle kon beroep op hulle oom Abraham se goedhartigheid. Hy het hulle tog al by ’n vorige geleentheid ook gehelp, die keer toe hulle as slawe gevang is deur Kedorlaomer se manne (Genesis 14). Hy sou beslis vir hulle goeie mans kon kry.
Hoekom hulle teen dié uitweg besluit het, weet nugter. Miskien is dit die aanvaarbaarste om te sê as jy in die noute is, kan jy maklik ’n dwase uitweg kies. ’n Benoude kat maak benoude spronge, sê die spreekwoord. Daarom is dit so belangrik dat ’n mens jou keuses biddend moet maak, sodat die Heilige Gees jou in jou besluite kan lei, soos Dawid in Psalm 16:8 (ou vertaling) gesê het: “Ek stel die Here altyddeur voor my. Omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.” Anders kan jy

lelik struikel, soos Lot se dogters …

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026